



VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS

GRAAD 11 – KWARTAAL 3

BANKSAKE & KONTANTTRANSAKSIES

WETTE VAN TOEPASSING MET DIE OOPMAAK VAN 'N SPAARREKENING OM BEDROG TE VOORKOM



- Moet ouer as 18 wees om 'n bankrekening oop te maak.
- Toestemmingsbrief vanaf die ouers / voogde moet saam met die aansoek ingedien word, indien die persoon jonger as 16 is.
- Moet ouer as 16 wees om 'n spaarrekening deur die poskantoor oop te maak.

FINANCIAL INTELLIGENCE CENTRE ACT
WET OP FINANSIËLE INTELLIGENSIESENTRUM



- Ingestel om finansiële misdaad soos geldwassery en belastingontduiking te voorkom
- Ontbloot & identifiseer die mense wat geld op 'n onwettige manier verkry.
- Banke, prokureursfirmas en versekeringsmaatskappye vereis sekere inligting vanaf hul nuwe kliënte en dit moet deur vasgestelde dokumentasie bevestig kan word.
- FICA vereis dat 'n persoon wat 'n bankrekening oopmaak, hul Suid-Afrikaanse identiteitsdokument en 'n bewys van hul woonadres moet toon.





BANKREKENINGE

DIE SOORT REKENING SAL BEPAAL WORD DEUR:

- Die minimum depositobedrag wat in die rekening inbetaal moet word om die rekening oop te maak.
- Hoe gereeld onttrekkings gemaak kan word.
- Beleggingsperiode van toepassing.
- Die hoeveelheid rente wat die bank aanbied.
- Diensfooie betaalbaar.



01

SPAARREKENING

MINIMUM DEPOSITO Verskil van bank tot bank.

RENTE VERDIEN Lae rentekoers.

REKENINGHOUER Ontvang 'n kaart vanaf die bank waarmee hy / sy onttrekkings by 'n OTM kan doen.

02

TJEK- / LOPENDE REKENING

VEREISTE Minimum maandelikse inkomste van R1500 per maand.

RENTE VERDIEN Lae rentekoers.

REKENINGHOUER Ontvang 'n debiet- en kredietkaart wat met die rekening gekoppel is.



MINIMUM DEPOSITO Verskil van bank tot bank.


LIMIETE Op die bedrag wat daaglik onttrek mag word.

EKSTRAS Oortrokke fasiliteit: meer geld kan onttrek word as wat in die rekening is. Rente op oortrokke rekeninge is baie hoog.

Hierdie tipe rekening stel die rekeninghouer in staat om...

- ... geld by die tak of OTM te onttrek.
- ... rekeninge deur die internet, OTM of telefoniese diens te betaal.
- ... met 'n debiet- en kredietkaart goedere aan te koop.
- ... aftrekorders te reël – vaste bedrag wat maandeliks aan 'n spesifieke begunstigde betaal word.
- ... aansoek te doen vir 'n oortrokke fasiliteit.





03

MINIMUM DEPOSITO R1000.

BANKKOSTE Indien geld, voor die beleggingstydperk verby is, onttrek wil word.

RENTE VERDIEN Hoër rentekoers, aangesien

VASTE DEPOSITO REKENING

die geld vir 'n vasgestelde tydperk nie onttrek kan word nie. Hoe langer die beleggingstydperk, hoe hoër is die rente.

04

MINIMUM DEPOSITO R1000.

KENNIS Daar moet vooraf met die bank gereël word, voordat geld onttrek kan word.

RENTE VERDIEN Meer as 'n spaarrekening en word daaglik op die saldo bereken en weer in die rekening belê. Hoe hoër die saldo, hoe hoër die rente.

DAGGELDREKENING

05

REKENING Beleggingsrekening en die doel is nie om geld hieruit te onttrek nie. Onttrekkings is wel moontlik. Geld kan enige tyd gedeponeer word.


RENTE VERDIEN Meer as 'n spaarrekening. Die saldo bepaal die rentekoers.

GELDMARKREKENING



MINIMUM DEPOSITO Wissel van bank tot bank.



BANKKOSTES Word betaal indien onttrekkings en oorplasinge na ander rekeninge gedoen wil word.





WENKE OM JOU BANKKOSTE LAAG TE HOU




-  Gebruik jou debiet- of kredietkaart vir aankope, eerder as om elke keer kontant te onttrek.
-  Gebruik 'n OTM of internetbankdienste vir transaksies. Toonbankdienste is baie duurder.
-  Gebruik die bank, waarby jy bank, se OTM om geld te onttrek. Ander banke hef 'n addisionele fooi.
-  Trek eenmalig 'n groter bedrag kontant, as om kort kort kleiner bedrae te onttrek.
-  Vermyn boetes deur altyd seker te maak dat daar genoeg geld in die rekening is, vir al jou debiet- en aftrekorders.

KONTANTTRANSAKSIES

Internetbetalings • Note en munte • Debietkaarte • Posorders •
Kontant by aflewering (k.b.a) • Kontant met bestelling (k.m.b)

VOORDELE



- Onmiddellike betaling.
- Ideaal vir klein aankope.
- Kan deur persone sonder 'n bankrekening gebruik word.
- Verlaag die kans om in slegte skuld in te gaan.
- Goedkoper a.g.v die feit dat geen rente gehef word nie.
- Kontantafslag kan op duur produkte beding word.



NADELE

- Indien baie kontant getel moet word, kan dit tydrowend wees.
- Nie veilig om groot hoeveelhede kontant by jou te hou nie.
 - Kontant wat verloor word, is onvervangbaar.
 - Moet 'n kwitansie hê indien goedere omgeruil of teruggegee moet word.
 - Soms is geen betalingsbewys beskikbaar nie.



KONTANTTRAKSAKSIES	VOORDELE	NADELE
Internetbetalings Die bank koppel 'n persoonlike bankrekening aan die internet, sodat betalings vanaf enige plek en tyd, deur middel van die internet, kan plaasvind. Individue kan vir produkte, dienste en hul rekeninge betaal. 	Nie gebind tot 'n sekere tyd of plek nie. Internetaankope bied opsies om produkte direk by die koper se adres af te lewer.	Uitvissingslenter (Phising): Persoonlike inligting word gebruik om misdade te pleeg. Internetverbindings by restaurante, kafee's of winkelsentrums is nie altyd 'n veilige opsie om betalings te doen nie.
Debietkaarte Bied onmiddellike toegang tot bankfondse. Die bank trek die bedrag direk uit die rekening en betaal dit dadelik aan die betrokke besigheid. 	Na goedkeuring, ontvang die besigheid dadelik sy betaling. Kan ook gebruik word vir internetaankope en posbestellings. Goedkoper as om kontant te trek. Geskied direk vanuit die rekeninghouer se rekening. Bankkoste is laer as die van kredietkaarte.	Betaal transaksiefoeie. Bedrog kan plaasvind, maar mikroskyfies en 'n PIN word gebruik om dit te voorkom. Kan net die hoeveelheid geld spandeer wat in die rekening is. Boetes word gehef vir oortrokke rekeninge. 
Posorders 'n Spesifieke bedrag word deur die betaler aan die poskantoor betaal. Die ontvanger moet dan die posorder by die poskantoor vir kontant gaan wissel. 	Eenvoudig en betroubaar. Geen beperking op die aantal posorders wat gekoop kan word nie. Kan by enige poskantoor gedoen word. Binnelandse posorders tot en R5000 kan gedoen word. Geen minimumbedrag.	Slegs by poskantore. Moontlikheid dat die posorder gesteel / verlore kan raak. Die ontvanger moet na 'n poskantoor gaan om die posorder te kan wissel. 



Kontant by aflewering (k.b.a.)

Betaling vind plaas sodra die goedere by die klant se adres afgelewer word.



Dit spaar die klant baie tyd en moeite, omdat die goedere by sy/haar adres afgelewer word.



Die klant moet die korrekte bedrag kontant gereed hê.

Verkeerde goedere kan afgelewer word.

Iemand moet tuis wees om die goedere te ontvang en te betaal.


Kontant met bestelling (k.m.b.)

Die betaling word saam met die bestelling gedoen. Van toepassing by internetaankope en as kitskos aanlyn bestel word.



Dit spaar die klant baie tyd en moeite, omdat die goedere by sy/haar adres afgelewer word.

Die besigheid ontvang onmiddellik die betaling en dit kan hul help met die beplanning rakende die produksieproses.



Skelmstreke is 'n werklikheid, dus sal jy dan nooit die diens / produk ontvang waarvoor jy reeds betaal het nie.

Die produk kan jou teleurstel indien jy nie vooraf gesien hoe dit in werklikheid lyk nie.

“ If you wish to get rich,
save what you get, any fool can earn money,
but it takes a wise man to save and dispose of it
to his own advantage. ”

-Brigham Young



Unauthorised Distribution Disclaimer

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE: Cum Laude | B.Ed Honours in Curriculum development: Cum Laude | Graphic Design L1 | Member of Golden Key International Honour Society for an Academic achievement | Author of 8 x ISBN Registered Study Guides used in various schools across SA.

KWALITEIT STUDIEMATERIAAL | QUALITY STUDY MATERIAL | aplusstudies1@gmail.com



A. Jonker